# DIE SELFBEKENDSTELLING VAN GOD IN EKSODUS 3 EN

# DIE BETEKENIS DAARVAN VIR VANDAG

J.L. Helberg
Departement Ou Testament, PU vir CHO

## ABSTRACT

This article shows the perspective in which questions about the revelation of God, Scripture, the Name Yahweh, the land of Israel, theologies of liberation, material prosperity, et cetera should be asked and answered, and concentrates on the aspect of divine revelation and of the Name Yahweh, especially in connection with the divine self-identification to Moses. Exodus 3 puts everything in a theocentric perspective. The Old Testament religion is a religion of revelation, with a strong corrective towards human initiative, thought, attitude and activity. These matters have important implications for the approach to the Scriptures. The theocentric character of this religion implies that matters such as covenant, the Name Yahweh and the land not only have much importance but are also relativised.

**PROBLEEMSTELLING**

Die selfbekendstelling van God in Eksodus 3 is ten nouste verbind met die vraag hoe die Israeliete kan weet dat Moses se boodskap en sy sending eg is. Die antwoord van Eksodus 3 is dat hulle dit kan weet deur te let op hoe die Sender van Moses, die God wat stuur, Homself identifiseer. Dieselfde vraag word wesenlik vandag nog gestel in verband met die Skrif en die God wat deur die Skrif verkondig word. Die antwoord hou ook ten nouste verband met dié in Eksodus 3.

Een van die basiese vrae in die teologie vandag is byvoorbeeld in hoeverre ons in die Skrif met openbaring van God te doen het. In hoeverre het die Bybelse verkondiging 'n spesifieke Woordkarakter in onderskeiding van 'n teologie afgelei uit die verkondiging van die natuur self en van die geskiedenis? Of het ons in die Bybel hoofsaaklik te doen met teologieë, of slegs met skrywers of redakteurs se ervaring van die Goddelike openbaring?

'n Ander vraag is in hoeverre die Naam van God, in besonder die Naam Jahwe, waarmee God Hom in Eksodus 3 bekend stel, met die wese van die godsdiens van die Skrif te doen het en/of hoe dit daarmee te doen het? Hierdie probleem is sterk beklemtoon deur die kwessie van die vertaling en skryfwyse van die Naam Jahwe in die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Die vertaling van 1933 en 1983 verskil in die skrywyse (HERE en Here onderskeidelik) maar is wesenlik dieselfde deurdat albei, in navolging van die Masoretiese teks, die Naam Jahwe vervang met Adonai. Die probleem bly dus bestaan ongeag watter van die twee vertalings mens ookal volg en is verbind met die feit dat die Naam Jahwe later nie deur die Jode gebruik is nie, ook nie in die Nuwe Testament nie.

'n Verdere vraag is veral deur die bestaan van die bevrydingsteologieë na vore geroep: In hoeverre is Jahwe 'n God van die verdruktes of verontregtes? In hoeverre behoort bevryding tot die wese van die Bybelse godsdiens, gesien die verband tussen die selfbekendstelling van God as Jahwe en die uittog uit Egipte?

'n Ander vraag is, gesien die koppeling tussen hierdie Goddelike selfbekendstelling en die belofte van 'n land vir die verbondsvolk in Eksodus 3, in hoeverre land, en daarmee saam stoflike voorspoed, tot die wese van die Bybelse godsdiens behoort. Hierdie vraag het in die teologie veral deur die ontstaan van die staat Israel aktueel geword en speel ook 'n belangrike rol by die vraag na die politiek-staatkundige aanpak van sake in Suid-Afrika.

Hierdie artikel gaan nie 'n antwoord op al hierdie vrae probeer gee nie maar wil aandui wat die perspektief is waarbinne die vrae gestel en beantwoord moet word, gesien die selfbekendstelling van God in Eksodus 3 en die verband waarin dit voorkom. Hierin sal veral toegespits word op die aspek van Goddelike openbaring en, in 'n mindere mate, van die Naam Jahwe.

Eers sal kortliks gekyk word na die ter sake elemente van die Goddelike selfbekendstelling in die Ou Testament in die algemeen. Daarna sal die teks waarin die selfbekenstelling in Eksodus 3 voorkom vlugtig bekyk word, gevolg deur 'n oorsig van die verband waarin Eksodus 3 voorkom.

Vervolgens sal die volgende punte bespreek word:

God is die heilige God,
God is die God van Abraham, Isak en Jakob,
God het alle inisiatief,
God stel Homself bekend as Jahwe.
Daarna volg 'n samevatting en gevolgtrekking.

DIE GODDELIKE SELFBEKENDSTELLING IN DIE OU TESTAMENT IN DIE ALGEMEEN

Onder Goddelike selfbekendstelling word verstaan die bekendmaking waarin God uitdruklik na Homself verwys met die uitdrukking "Ek is ..." ('$^{a}$nî ... of 'anôkî ..., en 'ehjeh ... wat in Eksodus 3:14 gebruik word by die bekendmaking van die Naam Jahwe). Hierdie soort selfvoorstellings ("Ek is ...") is algemeen in verband met gode en mense gebruik om die aandag met nadruk op die spreker of skrywer en die saak wat hy wil voorbring, te vestig (Günther, 1971:217). Daar is verskillende Goddelike selfbekendstellings, soos "Ek is God die Almagtige" ('$^{a}$nî-'el-šaddaj) (Gen 17:1), "Ek is die God van (jou vader) Abraham/Isak/Jakob" (Gen 28:13; Eks 3:6; ens.), en veral "Ek is Jahwe" en "Ek is Jahwe jou God" (of: Ek Jahwe jou God ...) (Eks 20:2 ens.).

Goddelike selfbekendstellings kom veral voor in die Pentateug, in die tweede deel van Jesaja en in Esegiël (Günther, 1971:219). Volgens Elliger (1966:211) raak dit veral tekste uit die ballingskapstyd. In die tyd na die ballingskap kom dit weinig voor en is dit die tolkengel (angelus interpres) wat aan die woord kom in die plek van God self (Günther, 1971:219). In hoeverre dit op 'n onpersoonliker verhouding tussen God en mens in dié tyd dui, hoef nie hier bespreek te word nie. Die bekendstelling van God in sy Naam in Eksodus 3 beklemtoon wel sy persoonlike teenwoordigheid daar.

Daar is meningsverskil oor die vraag in hoeverre die Naam Jahwe as 'n selfstandige eenheid, in die sin van 'n hipostase, voorkom. In aansluiting by Van der Woude (1976:956) moet dit eerder so opgevat word dat Jahwe in sy Naam persoonlik teenwoordig is.

Naas die uitdrukking "Ek is Jahwe" kom ook die uitgebreide uitdrukking "Ek is Jahwe jou God" voor (bv. Eks 20:2). Hier kan nie ingegaan word op die vraag of die twee vorme van die begin af promisku gebruik is (Zimmerli, 1963:13, 14) of met onderskeidende betekenis (Elliger 1966:230,1) nie. Die uitdrukking dui in elk geval op God se mag en grootheid en sy persoonlike, verlossende verbinding met sy volk.

Die Goddelike selfbekendstelling kom as 'n gesagvolle aanspraak tot die hoorder deurdat God daardeur beslag op hom lê en hom in diens neem. Dit is dus nie iets neutraals of bloot akademies nie en 'n mens kan nie vryblywend daarteenoor staan nie. Dit eis vertroue en gehoorsame reaksie; andersyds skep dit die moontlikheid om God aan te roep (vgl. Günther, 1971:219; Schmidt, 1983:53).

Nog 'n belangrike kenmerk van die Goddelike selfbekendstelling is dat Jahwe daarin nie as 'n onbekende God optree nie maar verwys na wat vroeër reeds gebeur het en dus bekend is (vgl. Gen 15:7; 26:24; 28:13; 31:13; Eks 3:6; Hos 12:10; 13:4) (vgl. Günther, 1971:220; Schmidt, 1983:55). Daarmee word konkrete gronde aangegee waarom die hoorder op hierdie bekendstelling kan vertrou. Die Goddelike selfbekendstelling is dus nie 'n bloot momentele, eksistensiële, a-historiese oorweldiging van die hoorder nie. Andersyds is die deurslaggewende faktor nie een of ander uiterlike saak of bewys nie maar die geloof in God self. Die basiese waarborg vir Moses om sy taak uit te voer, is dat God by hom sal wees - so beloof God (Eks 3:12). Die teken dat God hom gestuur het, sal dan ook nie nou al nie maar eers later tot vervulling kom. Die teken bestaan daarin dat die volk nadat hulle bevry is, sal aanbid op die berg waar God aan Moses verskyn het (Eks 3:12).

Die keersy van wat hierbo gesê is, is dat die Skrif, en so-ook die godsdiens van die Skrif, nie met 'n Goddelike selfbekendstelling begin nie maar met 'n getuienis oor God en sy optrede. Telkens kom die Goddelike selfbekendstelling eers aan die orde nadat 'n mens getuienis oor God ontvang het. Hierdie feit beklemtoon die belangrikheid van die verbondsgemeenskap waarin hierdie getuienis van die Woord gehoor word, van ouerlike onderrig aan kinders, naamlik kategese, asook van die prediking van die Woord (vgl. bv. Rom 10:14). Die inhoud daarvan moet veral wees wat God gedoen het, sy historiese optrede, in besonder in sy verhouding tot dié wat aan Hom behoort.

## TEKS

Volgens die bronneverdeling word algemeen aanvaar dat die selfbekendstelling van Jahwe in Eksodus 3:14, 15 tot E behoort, dié in 6:2 tot P en dié in 34:5 e.v. tot J. Volgens E is die Naam Jahwe aan Moses by Sinai bekend gemaak, gelyktydig met die plan tot verlossing. Dit verskil van J volgens wie die Naam Jahwe sedert die vroegste tyd bekend is en deur die mense in Enos se tyd aangeroep is (Gen 4:26). Volgens P was Jahwe voor die bekendstelling aan Moses slegs as 'el šaddaj bekend (vgl. Rylaarsdam, 1952:875, 889; Van der Woude, 1976:949-950; vgl. ook Fensham, 1970:24, 25).

Schottroff (1971:693), in aansluiting by Rendtorff (1982:25) en andere, meen dat Eksodus 6:3 God se verskyning aan Abraham (Niph. van r'h) as 'n voorlopige stadium stel teenoor sy bekendmaking aan Moses (Niph. van $jd^{c}$) waarin Hy Homself na sy eintlike wese bekend maak. Teenoor hierdie standpunt stel Van der Woude (1976:950) egter tereg dat hier eerder 'n voortsetting is van die selfontsluiting van God deur mededeling van 'n Naam wat reeds in die aartsvadertyd begin is. Sommige verklaarders (bv. Kroeze, 1965:146) meen dat die Naam Jahwe wel reeds in gebruik was maar eers by die roeping van Moses afgekondig word om Homself daarmee aan sy volk bekend te maak.

Dit is vir ons doel nie nodig om hierdie probleem te probeer oplos nie. Eksodus 6:2 e.v. bevat wesenlik dieselfde elemente in verband met die bekendstelling van Jahwe as Eksodus 3. Ons kan ons dus bepaal by die verkondiging van die boek Eksodus as 'n eenheid. Dieselfde geld van die verband of eenheid tussen die gedeeltes oor die uittog en dié oor die verbond te Sinai - in aansluiting by Childs (1979:172).

Die verskil tussen Eksodus 3:14, 15 en 6:2 maan wel tot versigtigheid om nie die betekenis van die bloot letterlike, formele naam Jahwe te oorevalueer nie (vgl. samevatting en gevolgtrekking).

DIE VERBAND VAN EKSODUS 3

Soos uit die bespreking van "God stel Hom bekend as Jahwe" sal blyk, is dit nie moontlik om uit grammatikale gegewens alleen die werklike betekenis van die Goddelike bekendstelling as Jahwe, af te lei nie. Om die Goddelike selfbekendstelling te verstaan vra ook veral afleidings uit die verband, waaronder die optrede van God in die historiese situasie. Hierdie feit bewys tegelykertyd die belangrikheid van 'n openbaringshistoriese verklaringsmetode, waarin sowel die openbaringselement as die historiese element aandag kry.

In die laaste twee hoofstukke van Genesis word die belangrikheid van die beloofde land gestel: Abraham wil juis daar begrawe word (Gen 49:29 e.v.). Josef praat van die land wat God met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob beloof het en wil hê dat sy liggaam uiteindelik daarheen geneem moet word (50:24, 25).

Eksodus 1 en 2 skets die aanleiding tot die roeping van Moses en die Goddelike selfbekendstelling: die Israeliete is baie vrugbaar. Die verbondseën aan Abraham (Gen 1:28) gaan in vervulling. Die verbondsgeslag se voortbestaan word egter dodelik bedreig. Die Israeliete se geroep om hulp gaan op tot God en Hy dink aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob (2:23, 24).

Eksodus 3 e.v. skets die verloop van die saak. Hierin word die inisiatief van God benadruk deurdat Hy die onwillige Moses en volk as't ware moet dwing om uit Egipte te trek en om na die beloofde land toe te gaan. Daar word sterk klem gelê op God se verbondsverhouding met Israel wat reeds vanaf die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob af bestaan. Die uittoggeskiedenis loop ook uit op 'n verbondsluiting van God met die volk (Eks 19, 20, 24) waarin hulle verbind word tot onderhouding van sy gebooie.

Verder word sterk klem gelê op God se magtige dade in die natuur en die geskiedenis waardeur Hy sy volk uit die mag van Egipte bevry. Ook die woord-element ontvang groot nadruk - wat God sê sowel as wat Hy deur mense verder laat sê, deur woord sowel as geskrif. Die beskrywing

in hoofstuk 3 e.v. is sterk dialogies en word beheers deur gesprekke tussen God, Moses, die farao en die volk. Die uittoggeskiedenis loop uit op lofprysing van God, soos vervat in die loflied van Mirjam en die volk (Eks 15). God gee opdrag dat sy magtige optrede aan die kinders in die geslagte vertel moet word (12:24 e.v.). Dit word ook belangrik geag dat die dade en woorde vasgelê moet word: God en Moses stel die gebooie op skrif (Eks 32:5, 6; 34:1). Moses skryf ook die ander woorde op (Eks 24:4). Dit is selfs in 'n boek vasgelê (24:7).

Ook die heiligheid van God word sterk beklemtoon, byvoorbeeld by die verskyning aan Moses en by die wetgewing te Sinai. Verder word baie sterk nadruk gelê op die vrymag van God en op die feit dat alles om Hom gaan. Die doel en beheersende gedagte van hierdie gebeurtenisse word soos 'n refrein gestel, naamlik die erkenning dat Hy Jahwe is (vgl. bv. 6:6, 7; 7:5, 17; 8:10, 22(18); 10:2; 12:12; 14:4, 18, 31; 15:3; 16:6). Dit is die teëpool van die Goddelike selfbekendstelling, die reaksie wat daardeur te weeg geroep word.

Ons sal gevolglik ons aandag toespits op God se selfbekendstelling as Jahwe. Voor ons by die punt as sodanig stil staan, behandel ons eers die volgende aspekte wat ook daarmee te doen het:

God is die heilige God,
God is die God van Abraham, Isak en Jakob,
God het alle inisiatief.

## GOD IS DIE HEILIGE GOD

Die Goddelike selfbekendstelling vind plaas in 'n Godsverkyning waarin die heiligheid van God beklemtoon word. Die heiligheid behels afstand tussen God en mens. Die mens moet sy nietigheid teenoor God en sy werk besef en Hom en sy werk met diepe ootmoed nader: "Moenie nóg nader kom nie. Trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond" (Eks 3:5). Hierdie afstand van heiligheid word ook benadruk deur die vermelding dat God "afgekom" het om sy volk te bevry

(3:8). Tegelykertyd bewys hierdie mededeling dat dit nie 'n afstand in betrokkenheid is nie, nie onbetrokkenheid nie. Die heilige God sien ook die nood van sy volk en slaan ag daarop (3:7); Hy is die Redder van sy volk. Hy is die God wat Hom ontferm. Die doringbos waarin God verskyn en wat nie uitbrand nie (3:2), is 'n teken dat God verteer en tegelykertyd verlos (vgl. ook Fensham, 1970:25). Dit is die kenmerk van sy optrede in die geskiedenis wat volg en waarin die farao en sy mense verteer word maar die Israeliete verlos word. God se verterende optrede geld ook vir die Israeliete self. Dit blyk uit die waarskuwing oor wat met die Israeliete sal gebeur wat nie die bepalings van die paasfees nakom nie (Eks 12:19). Verder blyk dit uit die straf oor die verbondsbreuk by Sinai (Eks 32, 33).

Die heiligheid wat God se teenwoordigheid kenmerk, is hier dus heeltemal anders as dié by Israel se bure. Oor hulle benadering sê Anderson (1962:424): "Holiness ... is fundamentally a mysterious energy which fills men with fear rather than confidence, precisely because it is otherworldly". Wat Israel betref, sê Anderson: "In Israel's experience ... the holy was identified with the dynamic will of God ... Especially when contemplating his marvelous acts in history, men think of him as the God who is terrible (nôrâ)".

Behalwe God se betrokkenheid word ook sy innige verbondenheid met sy volk in dieselfde asem as die heiligheid of afstand genoem. Dit gebeur in die Goddelike selfbekendstelling: "Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob (3:6).

Ook by die wetgewing te Sinai word die heiligheid van God wat met afstand gepaard gaan, beklemtoon. Die volk moet op 'n afstand bly staan (Eks 19:12 e.v.). Die teenpool hiervan is dat God 'n volk wil hê wat heilig is, 'n gewyde volk (19:6; 13:1 e.v.). Heiligheid behels dus nie net afstand nie maar tegelykertyd betrokkenheid by God se saak en by Homself; Hy het hulle na Hóm toe gebring (19:4). Israel se heiligheid slaan dus op hierdie verhouding tot die heilige God eerder as 'n hoedanigheid wat hulle in hulleself het. Tog is 'n gewyde of heilige volk een wat volgens die gebooie van God leef. Dit word beklemtoon deurdat die gee van die tien gebooie deur hierdie beklemtoning van afstand

omraam word (19:24, 25; 20:18 e.v.). Die heiligheid of gewydheid hou ook in dat die volk nie moet sondig nie (20:20).

By die Goddelike selfbekendstelling aan Moses staan die mag van God op die voorgrond; Moses reageer met angs, nie met skuldbesef nie, (3:5), in teenstelling met sommige Godsverskynings aan die profete waarin hulle met skulderkenning reageer en waarin hulle vergifnis ontvang (Jes 6:3). "In the exodus event God is disclosed as power, rather than either as justice or love. Moral demand and forgiveness of sin play scarcely any role" (Rylaarsdam, 1952:872). Die geheelopset van die boek wys dat hierdie element van skuldbesef tog nie by Moses en die volk afwesig mag wees nie en is 'n implisiete korrektief op so 'n houding. Hierdie korrektief geld ook vir die bevrydingsteologieë, wat juis die aspek van sondebesef uit die oog verloor.

Ware kennis van God gaan hand aan hand met kennis van 'n mens self (vgl. Calvyn, 1984:113 e.v.; Childs, 1985:47, 48). Daar is nie plek vir gemeensaamheid tussen mens en God en sy werk nie. Hierdie heilige God is wel heel persoonlik en konkreet, histories, by sy volk betrokke. Dit bring ons by die volgende hoofpunt:

## GOD IS DIE GOD VAN ABRAHAM, ISAK EN JAKOB

In sy selfbekenstelling aan Moses lê God 'n verband tussen sy huidige optrede en sy optrede van die verlede asook sy verhouding tot Israel in die verlede: "Ek is die God van jou voorvader(s), die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob" (3:6). Wat God nou gaan doen, is nie sommer 'n losstaande optrede nie maar behoort wesenlik tot sy verhouding en optrede met sy volk uit die verlede. Daar is gang in God se optrede. Hy tree histories op, nie bloot momenteel nie, of, modern uitgedruk, nie bloot eksistensieel nie. Daar is verband en eenheid in God en sy werk, net soos in sy woord. Die profete verkondig nooit 'n woord van Jahwe nie maar altyd die woord van Jahwe (Köhler, 1936:90; Schmidt, 1974:119).

Die uitdrukking "God van Abraham/Isak/Jakob" druk 'n verhouding van die mees persoonlike en hegte aard uit. God identifiseer Homself nie in terme van sy verhouding met 'n plek nie, maar van sy verhouding met mense. Hy noem Homself hier nie die God van Midian, waar Moses woon; of die God van Sinai, waar Hy sy wet aan sy volk sal gee; of die God van 'n plek waar Hy in die verlede in verband met die aartsvaders opgetree het; of waar Hy in die toekoms met sy volk sal woon, soos Jerusalem nie. Hierdie verbinding, nie aan 'n plek nie maar aan 'n groep mense met hulle wisselende lotgevalle, spreek volgens Jenni (1971:10), van sosiale en historiese funksies van die Godheid, met afwysing van die naturalisme - wat geografies geïnteresseerd en bepaald is. In die Ou Testament word God dan ook nooit die God van 'n plek genoem nie, byvoorbeeld "God van Jerusalem" nie, behalwe wanneer 'n heiden aan die woord is, en in die geval van die "God van Bet-El" (Gen 31:13). In laasgenoemde geval staan daar egter 'n lidwoord voor "God" wat 'n onmoontlike genitiefverbinding is. Die Septuagint en die targums vertaal dan ook: "die God wat aan jou verskyn het by Bet-El" (vgl. 35:7) (vgl. Van Selms, 1967:116; vir ander moontlikhede; vgl. Gamberoni, 1984:1119; De Vaux, 1968:291, 292).

God is die God van mense, en in dié opsig ook die God van Israel (2 Sam 7:25, 26). Die kern van die Bybelse godsdiens gaan dan ook oor die verhouding tussen God en mense, en daarmee ook van mense onderling, soos saamgevat deur Jesus Christus in die groot gebod. Groot nadruk word in die Ou Testament gelê op die etiese aspek van die mens se bestaan, veral op onderlinge geregtigheid, as vrug en bewys van die regte verhouding met God.

Met die uitdrukking "Ek is die God van julle vader, die God van Abraham/Isak/Jakob" wil God ook sê: Ek is jou/julle God. By die wetgewing in 20:2 sê God dit dan ook uitdruklik "Ek is Jahwe jou God ..." Die eenheid van God se verhouding en werk oorspan verlede en hede, en ook die toekoms. Selfs die nageslagte van die volk wat uit Egipte bevry is, kan en moet hulle kinders leer en sê: "Dit is oor wat Jahwe vir my gedoen het toe ek uit Egipte getrek het" (13:8).

Die noue persoonlike verbinding wat God met sy volk beoefen, blyk ook daaruit dat Hy aan Moses sy persoonlike teenwoordigheid beloof op Moses

se pad om sy taak uit te voer: "Ek sal by jou wees" (3:12). Hierdie uitdrukking kom, in gevarieerde vorm, ongeveer honderd keer in die Ou Testament voor en word altyd van persone gebruik, nooit van plekke of van instellings nie (Preuss, 1968:140). Dit dui nie op 'n passiewe teenwoordigheid van God nie maar op 'n dinamiese, beskermende en bevrydende begeleiding (Preuss, 1968:154, 7, 60).

Die hegtheid van die verhouding soos uitgedruk in "Ek is die God van Abraham/Isak/Jakob" blyk daaruit dat Jesus dit gebruik om daarmee die opstanding te motiveer (Matt 22:31, 32).

God se persoonlike verhouding met sy volk, soos uitgedruk in die uitdrukking "Ek is die God van Abraham/Isak/Jakob" is nie bloot geestelik nie. God het aan die aartsvaders 'n land beloof (Gen 49:29 e.v.; 50:24 e.v.) en hier word ook na dié land verwys. Dit word as 'n land van oorvloed geteken (Eks 3:8, 17). Ook die profete maak 'n verbinding tussen Jahwe en die land, in die verkondiging van ballingskap en van terugkeer.

Materiële dinge het 'n belangrike plek in die godsdiens van die Ou Testament reeds van Abraham af. Dié dinge is egter nie konstituerend van die godsdiens nie. Dit gaan om God self en die verhouding met Hom. Die relatiewe betekenis van die land blyk ook daaruit dat verkiesing, verbondsluiting, wetgewing ensovoorts volgens Eksodus reeds voor die intog in die land beslag gekry het. Hoewel die land 'n belangrike plek in God se verhouding met sy volk het, is hierdie verhouding primêr persoonlik en histories eerder as geografies georiënteerd. Hierdie historiese georiënteerdheid eerder as geografiese of kosmiese het ook sy invloed op die Bybelse wêreldbeeld, soos gestel deur O. Cullmann teenoor R. Bultmann (vgl. Coetzee, 1985:303).

Behalwe dat die selfbekendstelling, "Ek is die God van Abraham/Isak/Jakob" op God se historiese en persoonlike optrede en sy beloftes van konkrete gawes, soos land en voorspoed wys, druk dit ook uit dat die verhouding nie bestaan omdat hulle Hom uitgekies het nie. Inteendeel, dit is omdat Hy hulle uitgekies het, 'n verbond met hulle gesluit het en daardie verhouding in stand hou. Dit bring ons by die volgende hoofpunt, naamlik:

## GOD HET ALLE INISIATIEF

God se inisiatief in verband met die hele uittoggeskiedenis word baie sterk benadruk. Moses word deur die sameloop van omstandighede vir sy taak toegerus aan dieselfde koningshof wat sy en sy volk se ondergang soek. Moses self misluk in sy poging om iets aan die lot van sy volk te doen (Eks 2). Nou is Moses heeltemal onwillig om die volk uit te lei (3:11 ens.). Hy kom met die een beswaar ná die ander. Hoewel Moses nie 'n meganiese instrument is nie, voer hy sy taak slegs uit omdat God in sy eis volhard. Die intog word in die Ou Testament altyd beskryf as die werk van God, nie dié van Moses nie.

Die uittoggeskiedenis, soos hier en elders beskryf, is dus sterk teosentries. Daarby is dit ook paradoksaal: God se werk is verrassend, dit is anders as wat sy volk wil. Dit geld ook vir leiers, soos Moses, en ook die profete (Jer 20:7 e.v.; Am 3:8). Hy roep Moses tot 'n taak in 'n situasie wat onmoontlik lyk. Dit is kenmerkend van God se verlossingswerk om 'n nuwe begin te maak uit 'n onmoontlike situasie; byvoorbeeld die Paradysgebeure, die sondvloed, die toringbou van Babel, die onvrugbaarheid van egpare deur wie die verbondslyn voortgesit moet word, soos Abraham en Sara, ensovoorts (vgl. Helberg, 1983:5, 6-10).

Dit is dus duidelik dat God nie staties is nie, maar inteendeel die dinamiese Subjek van alles wat gebeur. Hy laat ook die mens nie staties bly nie maar eis hom op, lê hom 'n taak op, soos vir Moses en sy volk.

Die voorgaande bewys dat ons in hierdie geskiedenis te doen het met Goddelike inisiatief en optrede, nie primêr met menslike nie, met Goddelike openbaring, nie met 'n menslike idee of uitvinding oor God nie. Stauffer (1935:342) maak die volgende stelling in verband met die Goddelike bekendstelling in die Ou Testament: "Nicht einmal im Erkennen Gottes ist der Mensch der bestimmende Subject. Gott wird viel mehr nur da erkennt, wo er selbst sich zu erkennen gibt, sich offenbart, Is 41,21 ff." Anderson (1962:419) sê in dié verband: "That God reveals himself is the consistent theme of the Bible from Genesis 1:1 on. The OT does not purport to be the record of human initiative in seeking for and discovering God, for - as the author of Job realized - God would elude men's

search completely unless God on his own initiative were to reveal himself and speak his word. Men are enjoined to "seek the Lord" only because in his grace he has drawn near (Isa 55:6, 7)". Childs (1985:36) stel dit so: "One of the great themes running throughout the book of Genesis is God's making known his will and purpose to the patriarchs as he breaks into their lives ... Similarly, Moses thought that he was discovering the divine, only to experience that he was being discoverd (Ex 3.5 ff.)." En verder (Childs, 1985:41): "The God of the Old Testament consistently takes the initiative in his pursuit of mankind. 'Adam where art thou?' He takes the lead, whether in patriarchal narrative or prophetic oracle, to bring a new and fresh dimension of wonder". Childs (1985:24, 25) kritiseer tereg N.K. Gottwald se sosiologiese benadering wat Gottwald as 'n kultureel-materialistiese lees van die Ou Testament beskryf. Childs noem dit 'n massiewe teologiese reduksionisme wat die hart van die Christelike teologie aantas. Hierdie hart is die belydenis dat God 'n nuwe werklikheid tot stand gebring het, verskillend van aard van alle kragte wat in die wêreld aan die werk is (Jes 65:17; Rom 4:17).

Die Goddelike inisiatief behels verder dat Hy die sondigheid van die volk, wat in hulle hardkoppigheid en verbondsbreuk tot uiting kom, en wat hulle totaal vir bevryding verlam, te bowe moet kom.

Uit wat bo gesê is, blyk dat God se inisiaftief ook na vore kom in sy openbaring deur sy gesproke woord. Dialoog het 'n groot plek in hierdie geskiedenis, direkte of bemiddelde dialoog van God met Moses, die volk en die farao. Alleen deur die woord wat God spreek, verstaan die volk wat met hulle gebeur en wat van hulle verwag word. Dit is trouens alleen deur die krag van die woord dat die geskiedenis van die onwillige volk (en hulle leier Moses) in beweging gebring en deurgevoer word. Dit is op hierdie woord wat die volk vertrou (vgl. ook Preuss, 1968:87, 115; Wagner, 1970:362, 3).

Die gesproke woord speel ook 'n belangrike rol as die medium waardeur God Hom openbaar. Dit geld nie net sy woorde nie maar ook die woorde van mense. Crenshaw (1986:4) stel dat daar in die Ou-Testamentiese teologie in die jongste verlede oormatig nadruk gelê is op God se bekendmaking deur die geskiedenis ten koste van sy bekendmaking deur woorde, in verskillende vorme, soos verhale. Vandaar ook die sprekende

titel van sy boek: Story and faith. Dit staan teenoor die benadering van R. Rendtorff, W. Pannenberg (1982) en andere soos die benaming Offenbarung als Geschichte reeds aanwys.

Die woord vra van die mens se kant die erkenning en belydenis dat God Jahwe is (vgl. by God stel Homself as Jahwe bekend). Die belydenis van God en sy werk in die geskiedenis van die volk moet ook aan die kinders uitgespreek word (vgl. 12:24 e.v.).

## GOD STEL HOMSELF BEKEND AS JAHWE

Die Naam Jahwe (jhwh) word in die Goddelike selfbekendstelling in Eksodus 3:14, 15 in verband gebring met die woord hjh (is, wees). Twee uitdrukkings word gebruik: 'ehjeh (Ek is) en 'ehjeh '$^{a}$šer 'ehjeh (Ek is wat Ek is).

Amsler (1971:478, 9) sê die volgende oor die begrip hjh in die algemeen: Deur die gebruik van hjh ontstaan in die algemeen 'n sterker en dinamieser uitdrukking oor die wese van 'n persoon of saak ... In die Qal beteken hjh nie slegs "wees" nie maar ook: word, bewerkstellig ("wirken"), gebeur ... (vgl. ook Ratschow 1941 se titel: Werden und Wirken). Besonder tipies is hjh 'el in die profetiese godsprake ingelei met waj$^{e}$hî d$^{e}$bar jhwh 'el. Hier beskryf hjh die inbreek van die woord in die lewe van die profeet.

Ons moet dus reeds hier daarop wys dat die selfbekendstelling van God met die Naam Jahwe en dit wat Hy daarmee verbind, God nie aandui as 'n intellektuele begrip nie. 'n Mens kry nie kennis van God deur 'n intellektuele analise of benadering van sy Naam nie, maar deurdat Hy Hom in optrede openbaar, en wel in woord en in gebeurtenisse.

Daar bestaan baie verskillende verklarings van die Goddelike selfbekendstelling in Eksodus 3:14, 15. Amsler (1971:483-5) som die volgende probleme op in verband met 'ehjeh '$^{a}$šer 'ehjeh: literêrkrities,

etimologies, histories en eksegeties. Hy deel die verklarings in drie groepe in, naamlik dié wat die uitdrukking sien as:

1. Uitdrukking van die wese van God, saam met die Septuagint ("Ek is die Synde").

2. Weiering om die Naam te openbaar, saam met Köhler. Wat God is, sal Moses aan sy optrede sien.

3. Uitdrukking van die optrede van God; so meeste eksegete soos Eichrodt, Vriezen, Bertholdt, Von Rad, Noth. Die gedeelte word verstaan as 'n proklamasie van steeds nuwe aktiwiteit van God in die geskiedenis.

Amsler maak die volgende belangrike opmerkings oor die selfbekendstelling:

1. God bly 'n soewereine Ek en kan nie 'n dit word in die bepaling (Verfügung) van die menslike nuuskierigheid nie.

2. Die werkwoord staan in die Imperfektum wat gebruik word vir 'n handeling wat oop is vir nuwe handelinge.

3. Dit gaan om 'n steeds hernude handeling, waardeur Jahwe in die geskiedenis ingryp om Hom as getroue Here te bewys.

Hier moet in gedagte gehou word dat "Ek is" (Eks 3:14) en "Ek sal (met jou) wees" (Eks 3:12) dieselfde is (naamlik ehjeh) - die eerste in absolute vorm, die tweede saam met 'n voorsetsel.

Amsler wys verder daarop dat, afgesien van Eksodus 3:14, die absolute gebruik van hjh (Ek is) slegs nog in Hosia 1:9 voorkom, hoewel dáár in negatiewe vorm, saam met lô: w$^{e}$'anôkî lô-'ehjeh lakem: "En Ek is nie Ek-is vir julle nie". God weier hier om nog langer die rol te speel wat Hy Homself in sy bekendstelling aan Moses opgelê het. Freedman-O'Conner (1982:545; vgl. ook 548) wys op die moontlikheid dat ehjeh 'n populêre vorm is en identies is met jahweh (met verandering van j na '). Of dit dan 'n nominale vorm is, of 'n hiphilvorm (Ek laat

wees wat Ek laat wees = Ek skep wat Ek skep, dit wil sê Ek is dié Skepper) is, is daarby 'n onuitgemaakte saak.

Volgens Van der Woude (1976:949) gee die openbaring van die Naam in Eksodus 3:14 e.v. uitdrukking aan die onbepaalbaarheid en geheimnisvolheid van God wat eie is aan sy wese. Daarmee saam druk die openbaring in die Naam die aktiewe en dinamiese betekenis van God se optrede in sy toewending tot sy volk uit.

Preuss (1968:158, 9) wys in sy bespreking van die uitdrukking "Ek sal by jou wees" op die toekomselement wat daarin begrepe is: geloof in Jahwe is toekomsverwagting. Dit is die Naam Jahwe self wat die by-wees van Jahwe as sy kenmerk insluit, uitspreek en voortdurend nuut beloof (Eks 3:12; vgl. 3:14, 16 e.v.). Die 'ehjeh van Eksodus 3:14 staan dikwels saam met $^{c}$im of 'et (Gen 26:3; 31:3; Eks 3:12; Deut 31:23; Jos 1:5; 3:7; Rigt 6:16; 1 Sam 17:37; 2 Sam 7:9; Sag 10:5) en die huidige samehang in Eksodus 3 spreek duidelik van Jahwe as die helpende, handelende, begeleidende God, en dit wil sê die God wat by is (= teenwoordig is).

Die Goddelike selfbekenstelling in Eksodus 3:13-15 het dus 'n ryk inhoud. Rylaarsdam (1952:875) sê selfs die volgende: "It seems possible that the interpreter wanted to stress the fullness and mystery of God and therefore purposely left his analysis open to a wide range of interpretations".

Volgens die verband van Eksodus 3 word ook die almag van God benadruk, in teenstelling met die geval by die afgode (12:12; vgl. 8:10). Hulle is lewelose gode, wat tot niks in staat is nie. Hy daarenteen is die lewende God. Hy "is" en laat "wees" = bring tot stand, laat gebeur - soos by die skepping. Net soos by die skepping staan hierdie almagsoptrede in die nouste verband met wat Hy sê, sy woord. Dáár kom die refrein voor: "laat daar wees" (j$^{e}$hî) - "en dit was ..." (waj$^{e}$hî) (Gen 1). Ook in Eksodus gee God telkens in sy woord opdrag, deur bemiddeling van Moses, en dan gebeur dit soos Hy gesê het. Janzen (1979:23) sê die volgende: "From now on, 'Yahweh' is that name which identifies Israel's God purely in intrinsic terms, as that divine power of existing which is defined or qualified or limited by no principle except the divine existential intention itself. What is so named is the primal

reality whose power and efficacy constitutes, by its own intention, the living fount and origin and range of all that is or may be. It is as the living fount of all posibility that God may be envisioned as the creator of all finite and creational actuality. There is the most intimate connection between the divine mystery expressed in this 'I will be ...', and the word-creating efficacy of the utterance 'let there be' ..."

Die Goddelike selfbekendstelling in Eksodus 3 beklemtoon verder die vrymag van God. Kroeze (1965:145) sê dat die uitdrukking "Ek is wat Ek is" nie 'n mededeling van God se Naam is nie maar 'n antwoord waarmee God bedoel dat Hy sy Naam nie hoef te noem nie. Hy is verhewe bo en anders as gode wat name het. Tog kom God die behoefte om 'n naam vir God te hê, tegemoet en neem daarvoor 'n gedeelte van die ontwykende antwoord, naamlik die woord "Ek is".

Ons kan verder wys op God se vrymag in sy optrede teenoor sy volk. Reeds sedert die aartsvaders is daar 'n verbondsverhouding tussen Hom en sy volk. Die feit dat hulle nou al lank verdruk word, is nie daaraan te wyte dat dit aan sy mag sou skeel nie. Hy kan egter ook nie verwyt word dat Hy dit toelaat nie. Hy is nie verplig om hulle te red nie. Die benaming waarmee God sy Naam Jahwe - wat Hy verbind met "Ek is wat Ek is" en "Ek is" - hier verder verbind, naamlik: "die God van julle voorvaders, die God van Abraham/Isak/Jakob", wys dus op God se verbondstrou as bemoediging vir Moses en die volk. Hierdie benaming word egter tegelykertyd in perspektief geplaas: Jahwe/God is in geen opsig gebonde nie, Hy is onder geen verpligting nie. Daar kan met geen naam beslag gelê word op Hom en sy reddende optrede nie. Hy bly die soewereine, vrymagtige Subjek, wat alle inisiatief het. Sy Naam bied 'n pleitgrond, nie 'n eisgrond of 'n aanspraak nie.

Die Naam bevat dus 'n implisiete korrektief op die latere volksgeloof wat die reddende teenwoordigheid van God vir die verbondsvolk as iets vanselfsprekends aanvaar (Am 5:14; vgl. ook Preuss, 1968:158). Die Naam Jahwe is in absolute sin teosentries, Godgerig; die grond en motivering vir sy optrede is uit en uit in Homself geleë. Hy vra die volle aandag vir Homself, vir niks anders nie, ook nie vir sy Naam Jahwe nie. Hy is nie 'n Naamgod nie. Hy noem Homself ook nie die Verbondsgod

nie, 'n naam waarvoor ons so lief is. Niks staan by Hom in die sentrum nie, behalwe Hyself: Ek is. Ek is wat Ek is.

Die doel van sy selfbekendstelling en van die geskiedenis van die uittog is dan ook dat sy volk en die Egiptenaars, en daarmee saam alle volke, weet of erken (jd$^{c}$) dat Hy Jahwe is (6:6, 7; 7:5, 17; 8:10, 22(18); 10:2; 12:12; 14:4, 18; 15:3; 16:6) (vgl. ook Rendtorf, 1982:36). Dit hou in dat Hy getrou is aan sy beloftes en dat Hy daarmee vir sy volk redding bewerkstellig. Die klem val egter daarop dat dit Hy is wat dit bewerkstellig, op sy persoon. Hy is self die Objek of doel van sy optrede. Hy is die handelende Subjek, wat 'n magtelose en onwillige volk en Moses tot beweging bring. Hy is tegelykertyd die Objek waarop dié menslike aktiwiteit gerig is. Daarom loop dit uit op belydenis van God (vgl. ook Zimmerli, 1963:20) en lofprysing van Hom, soos vervat in die loflied van Mirjam en die volk (Eks 15). En, soos God se selfbekendstelling ook in dade uitkom, so moet sy volk se belydenis ook in dade uitkom, in 'n lewe volgens sy gebooie. Dit blyk veral uit Eksodus 20 waar die selfbekendstelling van God as Jahwe verbind word met sy uitredding van sy volk uit Egipte en wat die inleiding en motivering vorm vir die tien gebooie.

Die selfbekendstelling van God in die Naam Jahwe in Eksodus 3:14, 15 beklemtoon dus God se absolute inisiatief en openbaringswerksaamheid in sy verhouding tot sy volk, en die mens in die algemeen. Wat ons van Hom weet, is nie maar die ontdekking of ervaring van Moses of mense nie.

Wat van die volk en van ons gevra word, is om te glo - om te glo in die werklikheid, in die aktiewe teenwoordigheid van God. Dit is nie 'n sprong in die duister nie. Hierdie oproep word trouens gestel met verwysing na 'n historiese werklikheid, na wat die Israeliete reeds ervaar het, naamlik God se optrede in verband met Abraham, Isak en Jakob. Anders gestel, hier word verwys na God se verbondsoptrede. Anderson (1962:407, 8) sê die volgende: "In biblical terms the religious question is not: Does God exist? but: Who is our God? Just as an introduction to a person involves a disclosure of his personal name, so God's selfrevelation in history is accompanied by the giving of his personal name, by which his people may worship and address him as 'Thou'...

Israel's view of God does nog find expression in a vague God-consciousness or a metaphysical abstraction, but in God's revelation in person. Those who 'know the name of God' (Pss 9:10-H9:11; 91:14) know his identity and personal character and therefore, in contrast to the heathen (Ps 79:6; Jer 10:25) trust and hope in him."

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die Goddelike selfbekendstelling in Eksodus 3 plaas alles binne 'n sterk teosentriese perspektief. God staan in die middelpunt, nie net as Subjek van optrede nie maar ook as die Objek of doel. Hy wil erken en bely word. Hy wil 'n volk hê wat vir Hom 'n priesterlike koninkryk is en Hom dien deur sy gebooie te gehoorsaam, wat behels om die regte verhouding tot God en die naaste te beoefen. Die bevryding in Eksodus 3 en die hele boek Eksodus het bepaaldelik te doen met God se bevryding van sy volk; dit regverdig nie 'n algemeniserende stelling dat God 'n God van die verdruktes is nie.

Wat die besit van 'n land en materiële voorspoed betref, dit word wel direk met die Goddelike selfbekendstelling en die uittog uit Egipte in verband gebring, maar word tegelykertyd gerelativeer deur bogenoemde sterk teosentriese karakter van die selfbekendstelling. Dit is ook duidelik uit die feit dat die aartsvaders aan wie die landbelofte gedoen is, die land nie ontvang het nie en dat Israel ná die uittog uit Egipte nie dadelik die land binnegetrek het nie. Hulle is eers jare lank in die woestynreis daaroor beproef of dit vir hulle om die gawe van God gaan of om God self.

Eksodus 3 beskryf die godsdiens waaroor die Ou Testament handel, as openbaringsgodsdiens. Die nadruk val op die Goddelike inisiatief en die krag van die Goddelike woord in die bestaan en redding van God se volk. Daar is 'n uitdruklike teenstelling met menslike inisiatief in denke of optrede, en daar is 'n sterk korreksie op die menslike houding en benadering. Ervaring of belewing speel 'n belangrike rol in dié opsig dat dit in die godsdiens om 'n persoonlike verhouding gaan en dat

Eksodus 3 'n aansluiting maak by wat reeds vroeër ervaar is, bepaaldelik in die verbondslyn of verbondstradisie. Die volledig teosentriese en korrektiewe aard van die selfbekendstelling van God aan Moses, gee volgens Eksodus 3 egter geen grond om hierdie selfbekendstelling, of dié van God vroeër aan Abraham, Isak en Jakob, as slegs 'n weergawe van 'n menslike ervaring van die openbaring van God te beskou nie. Hier word inteendeel Goddelike selfopenbaring gegee. Christus benadruk dan ook hierdie openbaringskarakter, en daarmee saam die eenheid van die Skrif as kanon, wanneer Hy sê: "En wat die opstanding van die dooies betref, het julle dan nie gelees wat God vir julle gesê het nie 'Ek is die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob'" (Matt 22:31, 32).

Dit is 'n vraag of Van Huyssteen in sy deeglik akademies verantwoorde boek in die RGN-studiereeks in navorsingsmetodologie "Teologie as kritiese geloofsverantwoording" voldoende hiermee rekening hou (1986:31, 155, 159, 193-196). Van Huyssteen waarsku wel tereg teen 'n gesindheid van selfgenoegsaamheid in ons teologiese benadering en selfs Skrifbeskouing.

Die korrektiewe aard van God se selfopenbaring aan Moses benadruk die noodsaaklikheid dat die hoorders (Moses, die volk, ens.) gedurig herbesinning oor hulle opvatting van die openbaring moet doen. Dit is 'n beroep tot voortdurende bekering en hervorming. Die volk van God is op 'n gevaarlike pad as hy selfversekerd en gearriveerd is oor sy opvatting, houding en belewing van dinge, soos die Skrif, die belydenisse, die tradisie, kerk, politiek, ensovoorts.

Die Goddelike selfbekendstelling in Eksodus 3 laat duidelik sien dat dit nie om 'n Naam as sodanig gaan nie maar om die verhouding wat daarmee uitgedruk word. God staan in 'n verhouding van absolute soewereiniteit teenoor alles en almal, en is in daardie soewereiniteit getrou aan Homself. Sy reddende verbondstrou het alleen binne hierdie allesbeheersende soewereiniteit 'n plek. Daar mag nie 'n selfstandige plek aan sy verbondstrou toegeken word, soos Israel later gedoen het nie. Hulle het die verbond verabsoluteer ten koste van sy soewereiniteit. So het hulle van Hom 'n Verbondsgod gemaak. Eksodus 3 daarenteen sê Hy is nie 'n

Verbondsgod nie. Hierdie aspek sal baie ernstig in gedagte gehou moet word by die problematiek rondom die betekenis van die Naam Jahwe.

In die latere Ou-Testamentiese tyd is die Naam Jahwe nie meer uitgespreek nie. In die Nuwe Testament word dié Naam glad nie gebruik nie, hoewel Jesus Hom in sy ego eimi-uitspraak met die Goddelike selfbekendstelling identifiseer (vgl. hieroor Stauffer, 1935:350).

In die gebed wat Jesus sy gelowiges geleer het, is die aanspreekvorm wat gebruik word: Ons Vader. Hierdie aanspreekvorm druk 'n besondere innigheid in verhouding uit, 'n innigheid wat deur die koms van Jesus sterk op die voorgrond tree. Die aanspreekvorm druk egter ook en veral gesag uit, aangesien die vader 'n gesagsfiguur was (vgl. Mal 1:6; vgl. ook Jenni, 1971:17; Ringgren, 1973:8).

In hierdie opsig is daar volle ooreenkoms tussen die Vadernaam in hierdie gebed en die Goddelike selfbekendstelling in Eksodus 3. Dit blyk ook veral uit die nadere kwalifisering: "wat in die hemel is" en die bedes wat onmiddellik volg: "Laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom, laat u wil ook op die aarde geskied net soos in die hemel" (Matt 6:9, 10). Ook hiervolgens word God aanbid as die soewereine Subjek wat alle inisiatief het, asook die doel om wie alles draai. Deur sy Naam word Hy aangeroep en stel die bidder hom ten volle en onvoorwaardelik in sy diens. Dit gaan om Homself, om Hom persoonlik, aan wie die koninkryk en die krag en die heerlikheid behoort.

## LITERATUUR

ANDERSON, B.W. 1962. God. The Interpreter's Dictionary of the Bible. I. Nashville, New York : Abingdon Press.

AMSLER, S. 1971. hjh. THAT. I. München : Chr. Kaiser Verlag.

CALVYN, J. 1984. Institusie van die Christelike godsdiens. I. Potchefstroom : CJBF.

CHILDS, B.S. 1979. Introduction to the Old Testament as Scripture. London : SCM Press.

CHILDS, B.S. 1985. Old Testament theology in a canonical context. Philadelphia : Fortress Press.

COETZEE, J.C. 1985. Die Nuwe-Testamentiese wêreldbeeld. Koers, 50(4):301-324.

CRENSHAW, J.L. 1986. Story and faith. A guide to the Old Testament. New York : MacMillan Publishing Co.

DE VAUX, R. 1968. Ancient Israel. Its life and institutions. London : Darton, Longman & Todd.

FENSHAM, F.C. 1970. Exodus. POT. Nijkerk : G.F. Callenbach.

FREEDMAN, D.N. & O'CONNOR, P. 1982. JHWH. ThWAT. III. Stuttgart : Verlag W. Kohlhammer GMBH.

GAMBERONI. 1984. maqôm. ThWAT. IV. Stuttgart : Verlag W. Kohlhammer GMBH.

GÜNTHER, K. 1971. 'ᵃnî. THAT. I. München : Chr. Kaiser Verlag.

HELBERG, J.L. 1983. Die Here regeer. Openbaringslyn deur die Ou Testament. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

JANZEN, J.G. 1979. What's in a name? "Yahweh" in Exodus 3 and the wider biblical context. Interpretation 33(3):227-239, July.

JENNI, E. 1971. 'ab. THAT. I. München: Chr. Kaiser Verlag.

KÖHLER, L. 1936. Theologie des Alten Testaments. Tübingen : Verlag von J.C.B. Mohr (Paul Siebeck).

KROEZE, J.H. 1965. Handboek Bybelse geskiedenis. Die Ou Testament. Pretoria : Interkerklike Uitgewerstrust.

PREUSS, H.D. 1986. "Ich will mit dir sein". ZAW, 80:139-173.

PREUSS, H.D. 1968. Jahweglaube und Zukunftserwartung. Stuttgart : W. Kohlhammer Verlag.

RATSCHOW, C.H. 1941. Werden und Wirken. Eine Untersuchung des Wortes hajah als Beitrag zur Wirklichkeitserfassung des Alten Testaments. Berlin : Verlag Alfred Töpelmann.

RENDTORFF, R. 1982. Die Offenbarungsvorstellungen im Alten Israel. (In Pannenberg, W., red. Offenbarung als Geschichte. Fünfte Auflage. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.)

RINGGREN, H. 1973. 'ab. ThWAT. I. Stuttgart : Verlag W. Kohlhammer.

RYLAARSDAM, J.C. 1952. The Book of Exodus. The Interpreter's Bible. I. New York, Nashville : Abingdon Press.

SCHIMDT, W.H. 1974. dabar. ThWAT. II. Stuttgart : Verlag W. Kohlhammer.

SCHMIDT, W.H. 1983. The faith of the Old Testament. A History. Oxford : Basil Blackwell (Alttestamentlicher Glaube in seiner Geschichte. 1982. Neukirchen-Vluyn : Neukirchener Verlag).

SCHOTTROFF, W. 1971. jd$^{c}$. THAT. I. München : Chr. Kaiser Verlag.

STAUFFER. 1935. 'eyw. ThWNT. II. Stuttgart : Verlag W. Kohlhammer.

VAN DER WOUDE, A.S. 1976. šem. THAT. II. München : Chr. Kaiser Verlag.

VAN HUYSSTEEN, W. 1986. Teologie as kritiese geloofsverantwoording. Pretoria : RGN.

VAN SELMS, A. 1967. Genesis deel II. POT. Nijkerk : Callenbach.

WAGNER, 1970. 'amar. ThWAT. I. Stuttgart : Verlag W. Kohlhammer GMBH.

ZIMMERLI, W. 1963. Ich bin Jahwe. (In Gottes Offenbarung. Gesammelte Aufsätze zum Alten Testament. München : Chr. Kaiser Verlag.)